

8 Augustus - NAGMAAL

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11:17-34

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:27

Vers 27 maak dit duidelik dat 'n mens op 'n ongepaste, onwaardige wyse aan die sakrament van die nagmaal deel kan hê.

Die nagmaal is 'n heilige maaltyd wat deur God self ingestel is. Dit kan vir 'n mens 'n wonderlike seën wees, 'n geestelike versterking, maar dit kan ook vir jou tot 'n oordeel wees as jy nie beseft dat jy as 't ware op heilige grond staan nie. Jy maak jou dan skuldig aan sonde teen die liggaam en bloed van die Here.

Die gemeente in Korinte het die gebruik gehad om vir 'n liefdesmaaltyd bymekaar te kom voordat die nagmaal gevier is. Die bedoeling was goed, maar dit het spoedig ontaard toe die rykes hulle afgeskei het en die armes verstoot en ontuis laat voel het. Daardeur het die eenheid van die gemeente in gedrang gekom.

Tog het die gemeente direk daarna nagmaal gevier om juis hulle eenheid met Christus en met mekaar te bely. Dit was egter 'n klug. Hulle liefdelose, onheilige optrede by die liefdesmaal het die nagmaal ook onheilig, want hulle het iets bely wat nie waar was nie.

In vers 28 word die gemeente opgeroep om hulleself te ondersoek voordat hulle nagmaal gebruik. Jy moet mooi dink waarmee jy besig is wanneer jy die brood eet en uit die beker drink. Jy moenie deur jou optrede en gesindheid, deur 'n onheilige lewe, 'n klug van die nagmaal maak nie. Jy moet beseft dat dit 'n heilige maaltyd is.

Trouens, "hy wat eet en drink sonder om te beseft dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself".

Jy kan tot jou troos weet dat jy nie volmaak en sondeloos hoef te wees om aan die nagmaal deel te kan hê nie. Maar jy moet jou sonde ken en dit met berou voor God bely. Jy moet glo dat Jesus Christus ook vir jou gesterf het.

En jy moet met 'n dankbaarheidslewe op die beloftes van die Here antwoord.

Sing: Psalm 99:1, 5 (1936-beryming)

Ds CJH Breed (Secunda)